Graad 8 Afrikaans
Taalkunde klastoets

1. STOMPI en Woordorde
2. Selfstandige naamwoorde
3. Byvoeglike naamwoorde
4. Woordvorming

Wat moet ek ken onder elke afdeling?

STOMPI en woordorde	Enkelvoudige sin kan begin met Tyd, Wyse, Plek en Gesegde 1.
	Identifiseer die onderwerp, voorwerp, gesegde en bywoordelike bepalings in 'n enkelvoudige sin.
	Pas kolom A by kolom B: Watter woordsoorte kry jy in watter gedeelte van STOMPI.
Selfstandige naamwoorde	Meervoude, verkleining.
Byvoeglike naamwoorde	Attributief/predikatief posisie in 'n sin.
	Trappe van vergelyking
Woordvorming	Simpleks en komplekse
	Afleiding, samestelling en samestellende afleidings
	Kern en bepaler
	Identifiseer die stam in 'n komplekse woord.

STOMPI en Woordorde

1. Begin die volgende sinne soos aangedui.

   Danielle het gistermiddag haar baadjie by Northgate vergeet.

   a) Het _____

   _____

   b) By Northgate _____

   _____

   c) Gistermiddag _____

   _____

   d) Môre middag _____

   _____

2. Lees die volgende sin.
   Identifiseer die gedeeltes van die sin soos aangedui.

   a) Danielle het gistermiddag haar baadjie by Northgate vergeet.

   Voorwerp: _____

   Gesegde 1: _____

   Gesegde 2: _____

   Bywoordelike bepaling van plek: _____

   b) Ivan ry baie vinnig met sy fiets om betyds by die fliek op te daag.

   Bywoordelike bepaling van graad: _____

   Bywoordelike bepaling van wyse: _____

   Onderwerp: _____

   Voorwerp: _____

3. Pas die woordsoorte in Kolom B by die woordorde gedeeltes in Kolom A. Skryf slegs die korrekte letter langs die regte nommer in Kolom C.

Kolom A	Kolom B	Kolom C
1. Bywoordelike bepaling van WYSE	a) Hoofwerkwoord	1.
2. Onderwerp	b) Voorsetsel	2.
3. Bywoordelike bepaling van PLEK	c) Hulpwerkwoord	3.
4. Gesegde 1	d) Selfstandige naamwoord	4.
5. Gesegde 2	e) Byvoeglike naamwoord	5.

<u>Selfstandige naamwoorde</u>

Gee die meervoude en verkleinwoorde van die volgende woorde:

	Meervoud	Verkleinwoorde
Pouse		
Trap		
Kadet		
Sitkamerbank		
Roomys		
motorkar		
Kind		
Lewe		
Begrip		
Skrootwerf		
Geloof		
Piesangbrood		

Byvoeglike naamwoorde

'n Byvoeglike naamwoord beskryf die selfstandige naamwoord. Die **mooi** meisie het gister 'n **groot** skoenlapper **vinnig** raakgesien in die park.
'n Byvoeglike naamwoord kan **Attributief** of **Predikatief** wees.
Attributief beteken VOOR en DIREK LANGS die selfstandige naamwoord. Die **mooi** meisie het gister 'n **groot** skoenlapper gesien. "mooi" is 'n attributiewe byvoeglike naamwoord, want dit beskryf die meisie. "groot" is 'n attributiewe byvoeglike naamwoord, want dit beskryf die skoenlapper.
Predikatief beteken NA die selfstandige naamwoord in die WYSE posisie van STOMPI. Die meisie het gister 'n skoenlapper **vinnig** raakgesien in die park. "vinnig" is 'n predikatiewe byvoeglike naamwoord, want dit staan in die WYSE posisie van STOMPI en beskryf HOE die meisie gesien het.

Dui aan of die volgende byvoeglikenaamwoorde attributief of predikatief is.

1. Elgin skop die harde sokkerbal oor die muur. _____
2. Rohan is 'n vernuftige kuberkraker. _____
3. Ivan se fiets is splinternuut. _____
4. Danielle se danskoene is baie duur. _____
5. Hierdie toets is maklik.
   _____
6. Die maklike toets het vinnig gegaan. _____

BASIS	TREFFENDE	OORTREFFENDE HOU DIE BASIS + STE
Eindig op –r (lekker)	-der	-ste
Eindig op –lik (moeilik)	-er	-ste
Eindig op –ig (besig)	-er	-ste
Kort vokaal + eindig op –g (lig)	-ter	-ste
Lang vokaal + eindig op –g (hoog)	-ër	-ste
Lang vokaal + eindig op –d (breed) (hard)	hard-er bre-ër	-ste
Eindig op –s (los)	los-ser	-ste
Eindig op lang vokaal (blou)	blou-er	-ste
Kort vokaal + eindig op –f (Dof)	-wwer	-ste
Lang vokaal/konsonant + -f (doof)	do-wer	-ste
Eindig op –de of –e (tevrede)	meer	Mees

1. Skryf die volgende woorde se trappe van vergelyking neer.

Stellende trap	Vergrotende trap (as)	Oortreffende trap (die)
mooi		
	beter	
		snaaksste
lig		
	Meer tevrede	
skoon		
	leliker	
grof		
Verslaaf		
		Gesondste
Flink		
Dood		

<u>Woordvorming</u>

Gedetailleerde notas in boek wat opgestudeer moet word.

1. Dui aan of die volgende woorde s**implekse of komplekse** is en skryf telkes die **stam/basisvorm** neer, byvoorbeeld:

bemanning Kompleks man

a) pampoen _____ _____

b) spreker _____ _____

c) seremoniemeester _____ _____

d) dwelms _____ _____

e) onttroon _____ _____

f) botter _____ _____

g) beker _____ _____

2. Dui aan of die volgende woorde afleidings, samestellings of samestellende afleidings is.

a) beplanning _____

b) redigeringspoging _____

c) kleurpen _____

d) leesbaar _____

e) koppie _____

f) skootrekenaars _____

g) inkopielysie _____

h) onverstaanbaar _____

3. Skryf die stam neer van die volgende woorde:

a) gedeeltes _____

b) aandagtig _____

c) beantwoord _____

d) beskrywing _____

e) hernubare _____

4. Beantwoord die volgende vrae:

a) Gebruik "lees" as 'n bepaler en vorm vyf nuwe woorde.

_____

_____

b) Gebruik "tafel" as 'n kern en vorm vyf nuwe woorde.

_____

_____

5. Dui aan of die onderstreepte gedeeltes 'n kern of 'n bepaler is:

a) sel<u>foon</u> _____

b) skool<u>tas</u> _____

c) plak<u>boek</u> _____

d) <u>kombuis</u>kas _____

6. Kies twee stamme en gebruik elke stam as 'n kern en 'n bepaler.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Sterkte en leer hard!!!
As jy al die oefening gedoen het, sal Donderdag se toets supermaklik wees!